

2 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-7, 14-20

Fokusgedeelte: Genesis 3:15

Satan as teenkoning kom met die leuen, maar loop hom teen God vas!

God maak Homself van die begin af bekend as die almagtige Skepper van hemel en aarde aan Wie alles en almal behoort en onder wie se heerskappy en sorg alles en almal leef. Hy verwag ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid en diensbaarheid en plaas 'n verbod op een van die bome in die tuin. Van dié boom mag die mens nie geëet het nie.

God se teenstander, Satan, het hom as een van die diere in die veld voorgedoen, die slang. Hy het in al sy listigheid en boosheid die mens van God probeer weglei en daarin geslaag! Die eerste twee mense het hulle laat verlei om te sondig en aan God ongehoorsaam te wees. Hierdie sonde het, soos God gesê het, die dood vir die mens gebring. Satan se belofte was 'n leuenbelofte van die dood.

Maar ... God maak Homself ook van die begin af as die genadige en liefdevolle God bekend. Hy het die werk van Satan gestuit! Sy belofte van oordeel oor Satan (Gen. 3:15) is vir die mens die belofte van die lewe.

God sou, en Hy het, Een uit die nageslag van die vrou voorsien. Hy het sy eie Seun deur 'n wonder mens laat word. God se Seun het deur sy dood aan die kruis en sy opstanding die belofte van die lewe waar laat word.

Jy is nou nie meer 'n slaaf van die duiwel en die sonde nie. Jy is deur Christus 'n koningskind. Leef dan deur die Heilige Gees die lewe van die koningskind wat jy is. Veg in die krag wat die Gees aan jou gee teen die leuenbeloftes wat die duiwel en die wêreld en jou eie sondigheid aan jou voorhou. Hou Christus altyd voor oë. Volhard hierin deur die Heilige Gees tot die dag dat Christus weer kom en die belofte van die lewe vir jou volmaak in vervulling gaan.

Sing: Psalm 31:1, 17 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)